

SAHARA-AVONTUUR REEKS
No. 12.
Bloedige Robyne.
Meiring Fouché

## INHOUD

1. Donker Tempel .................................... 3
2. Die Indringer ....................................12
3. Een Minder ....................................21
4. Vreemde Muur ....................................29
5. Skermutseling ....................................38
6. Wilde Ontmoeting ....................................46
7. Koel Boeie ....................................55
8. Verlore Heiligdom ....................................65
9. Verskrikking ....................................74
10. Besoekers ....................................82
11. Bloed! ....................................87



## DONKER TEMPEL

Die vliegtuig dreun hoog oor die Sahara wat ver onder reeds stadig purper begin word in die eerste skemer wat uit die ooste aangroei en die bloedrooi band van sonlig in die weste stadig laat kwyn.

Op die harde bankies in die buik van die dreunende gevaarte sit ses man en dit lyk asof hulle na 'n baie ver wêreld op pad is, want elkeen het 'n yslike rugsak, 'n kolossale waterkruik en elkeen is met 'n ligte masjiengeweer bewapen wat plat hier voor hul voete in die buik van die vliegtuig lê. Hulle het die blou monderings van die Franse Vreemdelegioen aan en hul kepi's is helderwit in die dowwe lig binne die vliegtuig.

Fritz Mundt, die groot blonde Duitser, kruis sy bene en skud sy rugsak. Hy kyk na die klein mannetjie wat reg teenoor hom sit—Petacci die uitgeslape klein Italianer wat 'n sandvlooi kan vang soos geen ander man in die Vreemdelegioen nie.

,,Jy verbeel jou seker jy is Mussolini noudat jy vliegtuig kan ry, nè?'' vra Mundt tergend vir Petacci.

,,Ek is gewoond vliegtuig ry,'' vertel Petacci en die ander gaan aan die lag.

,,Jou rioolrot,'' skreeu die blonde Engelsman, Jack Ritchie bo die geraas van die sterk vliegtuigmotore uit, ,,jy lyk soos een wat aan 'n vliegtuig gewoond is.''

,,Hoe dit ook al sy,'' sê Podolski die groot Pool, ,,dit is baie beter om in hierdie vliegtuig te sit as om daar onder voet te slaan. . .'' Hy kyk af na die wydsheid van die Sahara waar hulle al in die gloeiende sand soveel spore getrap het, daar waar hulle al soveel maal deur die dors en honger geteister is en waar hulle al soveel maal vlak by die dood omgedraai het.

,,. . . Of hoe sê jy, Afrikaner?'' vra Podolski vir die lang, blonde Suid-Afrikaner, Teuns Stegmann, wat op sy dooie gemak bene-oormekaar sit.

,,Ek sê niks,'' antwoord die kragtige blonde man met die breë skouers en die helderblou oë, ,,ek ry nog lekker.''

Hulle kyk om die beurt na die korterige, blas sersant Cartroux wat agteroor sit en slaap, sy mond wawyd oop.

,,Die sersant droom seker van die Seine en die Arc d'Triomphe,'' spot

Jack Ritchie terwyl hy die slapende man dophou.

,,Wat het hierdie Kanadese miljoenêr en sy dogter nou eintlik hier in die Sahara kom soek?'' verneem Podolski gapend. ,,Het hulle niks anders te doen as om hier rond te vlieg en dan hul vliegtuig te laat val nie?''

,,'n Miljoenêr kan ry waar hy wil,'' bevind Fritz Mundt en kyk uit na die sandwoestyn wat stadig donkerder word daar onder hulle.

,,Ek wonder hoe lyk daardie dogter?'' sê Ritchie en verskuif sy groot rugsak 'n slaggie.

,,Sy het seker 'n vuurhoutjienek en sy dra seker 'n bril,'' bevind Fritz Mundt.

,,Wie sê sy lyk nie soos iemand uit Hollywood nie?'' wil Podolski weet. ,,Party miljoenêrs het mooi dogters, so hoor ek.''

,,As sy iets is om na te kyk, sal Teuns Stegmann seker weer sy bene breek om gentleman te speel,'' sê Fritz snorkend en rol die pruimpie in sy kies rond.

Teuns rek hom behaaglik uit en daar is 'n glimlag in sy blou oë. ,,In hierdie onvriendelike woestyn moet 'n mens sjarmant wees teenoor 'n dame wanneer jy die kans kry,'' sê die Suid-Afrikaner.

,,Maar vir wat vlieg hulle oor hierdie deel van die Sahara na Dakar toe. Dit is mos moeilikheid soek,'' sê Ritchie.

,,Ja, en nou moet ons hulle uit die voorheuwels van die Atlasberge gaan haal en hulle aan die beskawing terugbesorg,'' kla Petacci. ,,Vir wat kon hulle nie 'n kameel of twee in die hande gekry het en self uitgekom het nie?''

,,Hierdie miljoenêr is 'n belangrike man,'' sê Teuns sonder enige opvallende belangstelling. ,,Buitendien, hy is 'n Kanadees en die Kanadese koop seker dadels by Marokko. Ons moet met hulle goeie vriende bly.''

,,En die miljoenêr en sy dogter het in Doelakwêreld geval—moet dit net nie vergeet nie,'' sê Fritz Mundt gewigtig. ,,Ek wonder of die Doelaks hulle nie al klaar opgekerf het nie. Die Doelaks hou mos van blonde vroumense. . .''

,,Wie sê sy's blond?'' vra Petacci skielik.

,,Ek het maar so gemeen,'' antwoord Fritz en trek sy kolossale skouers op.

Hulle swyg 'n rukkie en Teuns Stegmann kyk ingedagte op die punte van sy swaar woestynstewels. Hy knyp die een oog toe asof hy na iets korrel en toe sê hy afgetrokke: ,,Wie weet, dalk het die miljoenêr en sy dogter kom soek na die robyne van Makesser. . .''



,,Die robyne van Makesser. . .'' sê Jack Ritchie met 'n kleinerende laggie. ,,Elke twee jaar word dit weer opgerakel. Dan vergeet almal weer daarvan, en dan kom een en praat weer 'n klomp bog daaroor.''

,,Hierdie keer lyk dit werklik asof die robyne van Makesser moet bestaan,'' sê Teuns, knoop die hempsak van sy mondering stadig oop en haal daar 'n verweerde uitknipsel uit 'n koerant uit. Hy sprei dit lui tussen sy slanke, stewige vingers oop en in die dowwe lig lees hy voor: ,,Professor Langley, die beroemde navorser van die Britse Museum, is nou vas oortuig daarvan dat die fabelagtige Robyne van Makesser wel bestaan en dat hulle in die vervalle tempel van Makesser in die voorheuwels van die Atlasgebergte versteek is.

,,Die professor skat die waarde van hierdie robyne op baie honderd-duisende rande en hy is oortuig daarvan dat die robyne deur die laaste Makesserkoning in die hooftempel van die Makessers versteek is toe hierdie volk twee eeue gelede deur die Doelaks uitgewis is.''

Teuns vou die stukkie papier weer sorgvuldig toe, steek dit in sy sak en kyk beurtelings na die ander. ,,Wat dink julle daarvan?''

,,Dan moet ons sommer van hierdie uitstappie gebruik maak om hierdie sogenaamde fabelagtige robyne in die hande te kry,'' doen Ritchie aan die hand. ,,Ons gaan mos die Makessertempel ons hoofkwartier maak om die miljoenêr en sy dogter te red, nie waar nie?''

,,Skitterend!'' roep Podolski uit. ,,Ek gaan vir my 'n villa in Oos-Pruise koop en Petacci hier sal genoeg geld maak om 'n lekker daggasmokkelary aan die gang te sit, nie waar nie, Italianer?''

,,Dis alles nonsies,'' sê Fritz Mundt en spuug 'n slag. ,,Hoe oud is daardie koerantuitknipsel? Ek dink dit was saam met Noag in die Ark, as julle my vra.''

,,Hierdie uitknipsel is twee maande oud,'' lig Teuns Stegmann hulle in.

,,Dan gaan die hele wêreld seker nou weer op hierdie arme tempel toesak om na die robyne te soek,'' sê Petacci. ,,Ons moet net maak dat ons wegkom voordat Doelakfortuinsoekers dalk op die toneel verskyn.''

,,Doelaks lees nie koerante nie,'' spot Ritchie, kyk uit en sien hoedat die ruwe terrein van die voorheuwels nou onder hulle verbyskuif. ,,Ons is bokant die voorheuwels,'' sê die Engelsman. ,,Dit sal nou nie meer lank duur nie.''

,,Ek hou nie van hierdie affêre nie,'' sê Fritz Mundt en voel-voel aan sy valskermpak.

,,Toe maar, Duitser, met daardie boepens van jou sal jy soos 'n ballon

aarde toe sweef," terg Podolski. ,,En as jou valskerm dalk nie oopgaan nie, moet jy net sorg dat jy op jou maag te lande kom. Jy sal so sag val asof jy op 'n verebed te lande gekom het."

,,Julle Pole ken mos net sabels en botterkop-perde," spot Fritz terug. ,,Ek lag my 'n papie jou valskerm gaan nie oop nie en jy val jouself 'n nat kol onder op die harde grond van die Atlaswêreld."

Meteens verskyn die medeloods uit die stuurkajuit. ,,Ons nader die tempel van Makesser," roep hy uit. ,,Maak asseblief gereed."

Sersant Catroux ruk regop en staan op sy voete. ,,Gereed maak om uit te spring," beveel hy nog half deur die slaap, buk vinnig en tel sy ligte masjiengeweer op.

,,Sersant Catroux," sê die loods, ,,oor twee dae sal ons sowat dertig kilometer reg ten ooste van die Makesser-tempel neerstryk. Ons verwag dat julle dan daar sal wees met die Kanadese miljoenêr en sy dogter. Ons sal julle dan almal daar optel. Julle moet ons asseblief nie laat wag nie. Dit is Doelakwêreld en ons sal dit nie kan bekostig om onbepaald in die oop woestyn te sit nie. As julle nog nie daar is nie, sal ons wag so lank as wat ons dit veilig ag. As julle nie opdaag nie, sal ons vertrek en weer later kom neerstryk.

,,Ons sal daar wees," beloof Catroux en skud sy swaar rugpak reg, voel aan sy eie valskermpak.

Die ander manne loer by die venster uit en ver voor hulle en ver onder hulle sien hulle teen die laaste rooi van die dag die massiewe swart bouvalle van die Makesser-tempel. Dit lyk soos 'n swart monster wat deur al die eeue hier waghou—dreigend, onheilspellend en neerdrukkend.

,,Daar lê die tempel met sy fabelagtige robyne," fluister Petacci. ,,Dalk is ons almal miljoenêrs wanneer ons teruggaan. . ."

Die manne steur hulle nie aan Petacci se ligsinnigheid nie. In opdrag van Catroux gaan hulle mekaar se valskermpakke noukeurig na. Hulle neem die ekstra waterkanne op, Swaai hul snelgewere oor hul skouers en toe staan hulle gereed daar om te wag op die bevel van die loods dat hulle moet spring.

,,Julle ken ons bevele," sê Catroux op sy gemaklike, amper intieme manier. ,,Ons is gestuur om hierdie Kanadese miljoenêr en sy dogter hier uit die voorheuwels na die plat woestyn te neem waar hulle per vliegtuig gered kan word. Daar mag niks verkeerd gaan nie. Op 'n bepaalde tyd moet ons op die vliegtuig in die woestyn wag. Ons spring opsetlik laat in die aand uit die vliegtuig omdat ons nie hier gesien moet word as ons dit kan verhelp nie. Hierdie is, soos julle weet, Doelakwêreld. Ons sal die tempel van Makesser as basis gebruik en eers die miljoenêr en sy dogter daarheen gaan haal. Ek verwag dat elkeen van julle sy plig sal doen. Wanneer ons die grond bereik, sal ek soos 'n uil roep. Julle sal almal na my toe kom sodat ons onmiddellik na die tempel kan gaan. Ons trek môreoggend verder na die plek waar die vliegtuig die noodlanding moet doen. . . Dit is al. . ."

Gaan ons nie na die robyne van Makesser soek nie, Sersant?" verneem Petacci met daardie spottende glimlag van hom.

,,Dit is nie deel van ons taak nie, manskap Petacci," antwoord Catroux streng. ,,Ons is soldate van die Franse Vreemdelegioen wat op 'n reddingstog uit is—ons is nie prospekteerders en fortuinsoekers nie."

,,'n Paar robyne sal darem nie sleg wees nie," werp Fritz Mundt in, net om Petacci bietjie teen die sersant te beskerm.

,,Gereed," sê die medeloods nog voordat iemand iets verder kan sê.

,,Ons is gereed," antwoord Catroux en gaan staan by die deur van die vliegtuig.

,,Alle sukses," sê die loods laggend terwyl hy die deur oopskuif, ,,en probeer tog op die bestemde tyd op die bestemde plek wees anders kan die wêreld vir ons almal baie moeilik word."

Die wind slaan met 'n woedende vaart by die oop deur in sodat die kraag van Catroux se kepi woedend wapper. Die sersant gaan staan in die deur, hou weerskante vas.

,,Die tempel Makesser is reg voor ons," sê die loods. ,,Ongeveer 'n kilometer verder aan. Julle sal moet gou spring, anders beland die laaste man wat uitspring dalk nog op die tempel."

,,Volg my," skreeu Catroux en wuif met die hand. Toe spring hy in die nagwind uit want dit het al skerp donker geword, hoewel nog nie volkome nie.

Daarna volg Fritz Mundt, toe Podoloski, toe Petacci, toe Jack Ritchie en Teuns Stegmann laaste.

Die manne stort deur die halfduister en die wind gaan suisend by hul ore verby. Dit voel vir hulle asof hulle in 'n leë ewigheid wegstort. Dit voel asof hulle nooit weer sal ophou om te val nie.

Maar toe die medeloods by die venster uitloer, sien hy hoedat ses blou valskerms in die leegheid onder en agter die vliegtuig oopgeblom het.

,,Al die valskerms is oop," sê hy vir die ander loods wat die vliegtuig stadig laat kantel, dit skerp laat draai en toe terugvlieg na Dini Salam, garnisoendorp van die Vreemdelegioen in hierdie deel van die Sahara.

Die manne sweef stadig omlaag na die aarde onder waar dit alles nou in 'n blouerige vaagheid gehul is en Teuns dink dat die tydsberekening perfek was. Daar is nog net genoeg lig vir hulle om te sien hoe om grond te vat en hierdie donkerblou valskerms sal deur die Doelaks glad nie raakgesien word as hulle dalk in die omgewing rond is nie.

,,Ons koms is heeltemal onbekend,'' sê Teuns voldaan teenoor homself en toe maak hy hom reg om die grond te tref. Sy voete tref die grond, hy swaai sy liggaam en die volgende oomblik maak hy, net soos die ander voor hom, hard met die klipperige grond kennis, lê 'n oomblikkie stil om die slag deur sy liggaam te laat wegsak en toe trek hy die opgefrommelde valskerm nader, rol dit vinnig op en begin aanstryk na waar hy die sagte gehoe van 'n ,,uil'' hoor.

,,Is ons almal hier?'' vra Catroux fluisterend. ,,Mundt. . . Stegmann. . . Podolski. . . Ritchie. . . Petacci?''

Hulle gee almal om die beurt antwoord. ,,Niemand seergekry nie?'' vra Catroux weer, want hy weet sy manne het nie besonder baie ondervinding van met valskerms uit vliegtuie spring nie.

,,Ek dink my nek is op 'n paar plekke gebreek, Sersant,'' kla Mundt.

,,En as ek dink ek het my kruis afgeval,'' meen Petacci.

,,Dit sal julle glad nie kwaad doen om 'n slaggie hard te val nie,'' is al troos wat hulle van die sersant kry.

,,Ons sal nie vannag die tempel binnegaan nie,'' kondig Catroux aan. ,,Of wat dink julle?''

,,Ek dink ons moet baie definitief die tempel binnegaan, Sersant,'' sê Teuns meteens. ,,As hier Doelaks in die omgewing is sal ons baie makliker hier buite raakgesien word as daar in die tempel.''

,,En as daar Doelaks in die tempel is?'' wil Catroux weet.

,,Ek dink dit is hoogs onwaarskynlik,'' meen Podolski. ,,Wat sal die Doelaks daar soek?''

,,Dalk soek hulle na die robyne van Makesser,'' werp Petacci in.

,,Die tempel is in elk geval so groot dat hulle ons nie noodwendig hoef raak te sien as hulle wel daar is nie,'' sê Fritz Mundt. ,,Daardie bouvalle beslaan glo sowat twee akker grond.''

,,Dit lyk amper asof jy al daar geprospekteer het, manskap Mundt,'' spot Catroux. ,,Nou goed, as julle so meen, dan gaan ons die tempel binne. Maar ek wil nie eers 'n stewel hoor kraak nie. Die man wat 'n geraas maak, slaan ek met hierdie snelgeweer oor sy kop. Verstaan julle nou goed? Is al die valskerms opgetel en opgevou?''



Hulle antwoord almal bevestigend en toe begin Catroux deur die donker aanstryk na waar die kolossale bouvalle van die tempel nog effens teen die sterwende lig van die son te sien is. Net 'n vae donker massa wat nou nog geheimsinniger lyk as toe hulle dit netnou daar uit die vliegtuig gesien het.

Hulle stap versigtig oor hierdie onbekende terrein en klippies knars saggies onder die stewels.

,,Petacci,'' fluister Fritz Mundt so in die loop, ,,ek hoor hulle sê dit spook so kwaai in hierdie bouvalle. . . Jy sal vannag seker nie graag wil wagstaan nie.''

,,Ek is al so lank met jou deurmekaar dat ek nie meer vir spoke bang is nie, Duitser,'' antwoord die Italianertjie en Fritz loop daar in die duister op sy neus en kyk. Catroux draai hom half om en waarsku hulle om stil te bly.

Hulle het geen bevel gekry om dit te doen nie, maar die manne stap almal met die snelgewere in die hande, net vir geval iets dalk gebeur. Hulle doen dit eintlik instinkmatig want in hierdie woestyn het hulle al geleer om in alle omstandighede op hul hoede te wees. Catroux het sy pistool ook uitgehaal en hy loop oorgehaal daarmee in sy hand.

Die manne vleg hul pad tussen die byna vergane bouvalle van die Makesserstad deur en toe, eindelik, staan hulle voor die ou tempel. Die woestynwind het opgekom en dit huil om die hoeke en fluit oor die ruïnes. Die manne voel aardig en in elkeen is daar 'n bedwonge vrees. Dit is vir hulle asof hulle die stemme van tienduisend geeste hoor, die aaklige angskrete van 'n volk wat so lank gelede hier gesterf het toe rookwalms oor die antieke marmer en die hoë suile van hierdie tempel moes gedwarrel het.

Hulle beweeg verder en meteens is die wind stil. ,,Ons is hier onder 'n hoë muur,'' fluister Catroux. ,,Ons sal maar hier oornag. Ons sal rus tot drie-uur wanneer die eerste lig begin, dan sal ons na die vliegtuig trek. Manskap Petacci, jy sal gedurende die eerste nagwaak wagstaan. Jy moet op jou hoede wees. As die Doelaks jou nie hier gaan wegdra nie, gaan die spoke jou wegdra. En jy moet in geen omstandighede vuur maak nie. Ons wil nie ons teenwoordigheid aan die wêreld uitbasuin nie. Hou maar liewer daardie steekmes van jou gereed en as jy die minste geluid hoor, kom roep my. Is dit heeltemal duidelik?''

,,Heeltemal duidelik, *mon sergeant,*'' sê Petacci en hy is sommer vies dat van hom verwag word om heel eerste wag te staan. Hoekom kon Catroux nie eers een van die ander manne laat wagstaan het nie?

Petacci haal sy rugsak af, plaas sy waterfles op die grond neer, swaai die snelgeweer om sy skouers, trek sy steekmes uit en stap 'n paar tree van die

ander manne af weg. Toe gaan hy wydsbeen staan, draai sy kop en luister fyn. Maar daar is net die diep gesing van die wind oor die ruïnes, net die vreemde geskreeu van 'n nagvoël iewers in die duister.

Die ander manne pak ook af en gaan sommer net so daar teen die ou muur lê. Hulle lê nog skaars toe hoor Teuns vir Fritz Mundt hier langs hom snork. Maar hy kan nie slaap nie. Dit is asof daar te veel geluide vir sy ore is. Dit is asof daar te veel dinge is waaraan hy dink. Wat sou die waarheid wees oor hierdie robyne van Makesser? Is dit maar net die verbeeldingsvlug van 'n Britse professor, of is daardie robyne werklik hier versteek? En as hulle hier versteek is, wie sal almal kom om hulle te kom probeer vind?

Hy rol dan hierdie kant toe en dan daardie kant toe, totdat Jack Ritchie hier langs hom fluister: ,,Waarom slaap jy nie, Suid-Afrikaner?''

,,Kan nie slaap nie,'' antwoord Teuns vaagweg. ,,Ek is nie moeg nie. Ek het lank in die vliegtuig gesit en slaap. Waarom slaap jy nie, Engelsman?''

Ritchie swyg eers 'n rukkie. ,,Weet nie,'' sê hy eindelik. ,,Hierdie plek is vir my te vreemd. Ek hou nie van hierdie besigheid nie. Dit voel al vir my asof ons nie alleen hier is nie. . .''

,,Snaaks,'' antwoord Teuns, ,,ek het dieselfde gevoel. Dit is vir my ál asof hier nog mense is. Ek weet self nie wie nie.''

,,Doelaks?'' vra Jack Ritchie bietjie senuweeagtig.

,,Nie juis nie. . . Ek weet nie. Ek het nie Doelaks in my gedagte nie.''

,,Wie anders kan dan hier wees as hier nie Arabiere is nie?''

,,Ek weet nie—ek kan dit nie verklaar nie,'' antwoord die Suid-Afrikaner.

,,Dink jy die miljoenêr en sy dogter is nog veilig?'' vra Jack.

,,Ek dink nie daar is gevaar vir hulle nie,'' antwoord Teuns. ,,Hierdie is afgesonderde wêreld. Ek dink nie hulle sal gou hier iets oorkom nie. Hulle het maar gistermiddag laat die noodlanding hier rond gedoen. Ek glo nie die Doelaks kon hulle al bereik het nie. Maar ons sal net moet gou speel om hulle weg te kry want die Doelaks het seker al uitgevind dat hulle hier neergestryk het.''

,,Ek moet slaap,'' sê Jack Ritchie. ,,Ek is die volgende een wat moet wagstaan. Ek kan nie onthou dat ek al ooit so min lus was vir wagstaan soos hierdie keer nie.''

,,Hierdie is 'n onaangename plek,'' beken Teuns en ril.

Hulle tuur straf deur die donker en hulle kan nog vaagweg sien waar Petacci op wag staan. Dit lyk asof hy heeltemal roerloos daar staan.

Die volgende oomblik staan Teuns Stegmann en Jack Ritchie op hul voete. Hulle het opgespring soos twee staalvere wat orent geveer het. Hul kele is droog en hul harte bons hard.

Want hier tussen hulle, byna op hul koppe, het iets kletterend geval, iets soos 'n klip of iets. Dit het reg van bo af gekom, daar van bo af waar die woestynwind so 'n aaklige lied oor die muur kreun. . .

Hoofstuk 2

# 'N INDRINGER

Dit duur 'n hele rukkie voordat Teuns en Jack Ritchie tot verhaal kom. Hulle luister met die allergrootste konsentrasie en die nagwind is koel op hul beswete hande.

,,Wat. . . wat kon dit wees?'' vra Jack uiteindelik hees. ,,Iets het amper op my kop geval.''

,,Dit het baie amper op my kop ook geval,'' vertel Teuns. ,,Ek dink dit is 'n klip of iets wat van bo af afgeval het.''

,,Maar 'n klip val nie sommer vanself af nie,'' meen Jack.

,,Die wind kon dit afgewaai het—bo van die muur af. . .''

,,Jy glo daardie moontlikheid self nie, Stegmann,'' som Jack Ritchie sy strydmakker se gevoelens korrek op. ,,Daardie klip is op die een of ander manier daar afgestoot, of daar afgegooi. Ek dink iemand het bewus of onbewus sy teenwoordigheid bekendgemaak. . .''

,,Jy klink soos 'n ou vrou, Ritchie,'' sê Teuns amper ergerlik.

Petacci het ook nadergekom en staan verbaas hier by die twee. ,,Wat is gaande,'' vra hy sag deur die wind. ,,Wat staan julle hier soos twee soutpilare? Of dink julle dat ek nie mans genoeg is om wag te staan nie.''

Sonder 'n woord stap Teuns terug na die muur toe, gaan tel sy snelgeweer op en kom terug. ,,Petacci,'' sê die Suid-Afrikaner, ,,ek gaan saam met jou wag staan. Hier het nou net 'n klip byna op my en Ritchie se koppe afgeval. Dalk is dit die wind wat dit afgewaai het—dalk is dit nie die wind nie. Ek weet nie.''

,,Dit is vreeslik offervaardig van jou om saam met my te kom waak,'' sê Petacci vreesloos en so koel soos 'n komkommer. ,,Dit sal interessant wees as ons hier in die Makessertempel geselskap het, dan is ons darem nie so alleen nie en dan het die spoke darem ander mense ook om aan aandag te gee.''

,,Gaan rus jy, Ritchie,'' sê Teuns. ,,Wanneer ek en Petacci klaar wag gestaan het, kan jy en Podolski weer kom staan.''

Ritchie draai weg en stap versigtig na die muur terug, tuur deur die donker op of hy nie dalk iemand op die hoë tempelmuur gewaar nie, maar dit is heeltemal vergeefs, want dit is nou stikdonker. Al wat daar is, is die treurige lied van die wind wat dan dreun en dan fluit en dan weer 'n hoë,



klaende lied sing.

Teuns Stegmann stap 'n paar treë opsy en gaan daar staan, loer na waar Petacci staan en dan trek hy sy steekmes versigtig uit die skede onder sy mantel.

Want Teuns Stegmann, net soos al die ander lede van die Vreemdelegioen, weet baie goed dat die Doelak-Arabier sagter en geluidloser as 'n kat deur die donker beweeg. Hy voel 'n koue rilling langs sy ruggraat af en hy luister met verwondering hoedat Catroux, Podolski en Fritz Mundt daar teen die muur lê en snork, salig onbewus van enigiets wat in hierdie donker nag aan die broei mag wees. Hy tuur stip deur die donker en hy sien Petacci 'n entjie van hom af. Elke keer loer hy in die rigting van die klein Italianer en elke keer, weet hy, loer die Italianertjie in sy rigting.

Want diep in hul binneste, is hierdie twee ewe oortuig dat hulle hier nie alleen is nie. Dat hulle nie die enigste lewende wesens is wat vannag by hierdie ruïnes oornag nie.

Teuns staan daar en redeneer wie dit moontlik kan wees as hier iemand in hierdie bouvalle is. Doelaks glo hy nie kan dit wees nie want al het hulle gehoor van die vliegtuig wat die noodlanding gedoen het, kan hulle onmoontlik nog nie hierdie afgesonderde deel bereik het nie. 'n Verdwaalde, alleenlopende Doelak is dit seker ook nie, en ook seker nie 'n ander Arabier, 'n karavaandrywer of iets van dié aard nie, want Arabiere is nie baie lief daarvoor om sommer in ou bouvalle soos hierdie te oornag nie. Daarvoor is hulle gans te bygelowig. Hulle sal hulle vas verbeel dat hierdie ruïnes wemel van geeste.

Wie anders, dan? Het die miljoenêr en sy dogter nie dalk hierheen gekom nie? Het hulle nie dalk besluit om hier te kom skuil totdat hulle gered word nie? Dalk het hulle gemeen hulle sal hier veiliger voel.

Die Suid-Afrikaner verwerp egter hierdie moontlikheid. Die Kanadees wat sy vliegtuig self geloods het, sal dit seker nie sommer daar net so laat nie. Buitendien sou hy daar bly om in radioverbinding met Dini Salam te bly.

Wie dan anders?

Teuns draai sy kop werktuiglik omhoog, maar die diep duister het alles verswelg. Net die sterre blink hoog en kil en 'n stukkende maantjie hardloop tussen 'n strepie vlieswolkies deur.

Terwyl hy daar staan, verwonder Teuns hom opnuut dat hy nog steeds in die Franse Vreemdelegioen is. Hy dink oor die jare terug, hy dink terug aan die plaas waarop hy kan woon in die Hexvallei—die pragtige wingerd-